A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER – APLUSSTUDIES1@GMAIL.COM

# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS
# GRAAD 10 – KWARTAAL 4



## Universele ontwerp

**= enige ontwerp (produk / gebou / omgewing) wat deur enige persoon (regoor die wêreld) gebruik kan word, ongeag sy / haar lengte, ouderdom, grootte of liggaamsgebreke.**

### Beginsels van universele ontwerp

**Billike gebruik**

Mense van alle ouderdomme en vermoëns kan daarvan gebruik maak.



**Buigsaamheid in gebruik**

Ontwerpe moet persoonlike vermoëns en voorkeure in ag neem.



**Eenvoudige & intuïtiewe gebruik**

Ontwerpe moet maklik verstaanbaar wees (ongeag die persoon se ondervinding / vermoëns).



**Verdraagsaamheid t.o.v foute**

Ontwerpe moet alle gevare beperk.



### Toepaslike grootte en ruimte

Ontwerpe moet 'n gepaste grootte hê. Genoeg ruimte vir die hantering en gebruik daarvan – Ongeag die verbruiker se grootte, postuur en beweeglighеid.



### Min fisiese inspanning

Moet maklik, doeltreffend en sonder baie fisiese inspanning gebruik kan word.



### Waarneembare inligting

Kommunikeer die nodige inligting doeltreffend aan die verbruiker, ongeag sy vermoë of die omgewing waarin hy is.



## Kenmerke & voordele van universele ontwerp


Dit moenie 'n las wees / tot spanning lei nie. → **ONDERSTEUNEND**





**AANPASBAAR** ← Volgens sekere behoeftes verander kan word. Soos 'n stoel wat op verskeie hoogtes verstel kan word.

Moet eenvoudig wees en die lewe vergemaklik. Soos elektroniese toestelle wat tyd spaar en 'n proses vergemaklik → **DOELTREFFEND**





**VEILIGHEIDSGERIG** ← Ontwerp volgens ergonomiese beginsels en beskerm alle verbruikers teen pyn / beserings. Soos handrelings by trappe, asook die in 'n stort of bad.



Hindernisse is verwyder – soos die gebruik van opritte / skuinsvlakke. Wye gange en deuropeninge om beweging te vergemaklik. Die gebruik van kleure / patrone / teksture om ongelukke te voorkom. → **TOEGANKLIK**